

## DIE KOÖRDINASIE VAN DIE DRIE AMPTE MET DIE OOG OP DIE UITBREIDING VAN DIE KONINKRYK VAN GOD

G. P. L. van der Linde

1. Die behandeling van bogenoemde onderwerp verg 'n noukeurige begripsbepaling — veral van die koninkryk van God.

In die Skrif is daar sprake van die koninkryk van God, sowel as van die kerk van die hemele, vgl. Johannes 3 : 3 en Matt. 3 : 2 en 4 : 17. Die wyse waarop Jesus self o.a. die begrippe gebruik toon duidelik dat Hy met beide een en dieselfde saak omskryf.

2. *Wat word nou onder die koninkryk van God of van die hemele verstaan?* Die begrip koninkryk veronderstel: 1) 'n Koning; 2) onderdane — 'n Koning regeer; 3) 'n ryksgebied — die onderdane moet iewers woon!

„Die koninkryk van God” is dan die ryk waarvan Hy Koning is. Hy heers oor onderdane wat in 'n bepaalde gebied woon.

So gesien dink mens onwillekeurig aan Psalm 24. „Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon...” Die koninkryk van God sou dan wees — en is in werklikheid — die wêreld; nog ruimer, die heelal. Alles en almal moet hulle aan Hom onderwerp. So was dit dan ook aanvanklik. Gen. 3 verhaal egter die intog van die antikoning — die teëstander, die Satan. Hy lê beslag op die ryksgebied — die wêreld — van God en kry die seggenskap oor sy onderdane. Die koninkryk van God ontaard nou in die ryk van die satan, of die duisternis, in soverre die mens sy rug op God keer en doen wat satan beveel en die aarde vervloek is om sy ontwil. Desnietemin bly dit nog God se wêreld en is die mens, met alles wat aan hom onderworpe is nog verplig om Hom gehoorsaam te wees tans is die mens rebel en verraaiër wat 'n vreemde vors aanvaar.

Wanneer Jesus egter praat van die „koninkryk van God” is dit o.a. uit Joh. 3 baie duidelik dat Hy op die oog het die verdrywing van satan uit die wêreld, terwyl al wat leef en is, weer onder die leiding van die mens hulle gedra ooreenkomstig God se wet. Die Koning verdryf die teëstander en laat Hom weer geld oor sy volk en in sy ryksgebied. Hy praat m.a.w. van die *nuwe* — *wedergebore* — mensheid op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel (vgl. 2 Petr. 3 : 13).

Dat dit die betekenis is van die koninkryk van God word ook bevestig deur die begrip koninkryk van die hemele (Matt. 3 : 2 en 4 : 17). In die hemel is God Koning. Daar, so word dit vir ons beskrywe, staan die engele gereed om met vreugde elke bevel van God elke oomblik uit te voer. En as die koninkryk nou op aarde kom, soos Johannes en Jesus preek, dan meen dit dat alles op aarde onder leiding van die mens weer met vreugde en blydschap, gewillig lewe na die wet van God. Dus as Johannes en Jesus preek „die koninkryk van die hemele het naby gekom” meen dit dat die tyd aangebreek het dat God die indringer — antikoning satan —

verdryf en alles en almal in die wêreld weer aan Hom onderwerp. Hy predik die aanstaande wedergeboorte of vernuwing van die mensheid en wêreld.

En hierdie wedergeboorte of vernuwing word bewerk deur Christus: Hy het sy gaffel in sy hand en maak sy „dorsvloer deur en deur skoon” (Matt. 3 : 12) en „Kyk, Ek maak alles nuut” (Openb. 21 : 5). Deur sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms laat Hy die koninkryk van God kom.

Nou het Hy met sy eerste koms die koninkryk naby gebring. S6 naby dat Hy reeds as Koning op aarde erken word deur die wat in Hom glo kragtens die wedergeboorte deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Hulle doen sy gebooie — hulle is op 'n nuwe lewende weg. Jesus praat egter ook van die koninkryk wat reeds gekom het. Hy sê by geleentheid dat die koninkryk is in julle midde. Dit wil sê: Die Koning — Jesus Christus, aan wie God alle mag gegee het en wat regeer soos sy hemelvaart en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader dit duidelik laat blyk — het reeds destyds gekom en is tans na sy Majesteit, heerlikheid en Gees nog op die aarde om te regeer! En elkeen wat in Hom glo en daarom wandel soos Hy gewandel het; sy gebooie doen (vgl. 1 Joh. 2), ja, wie hulle verlustig in die wet van God (Ps. 119), is reeds nuwe, wedergebore mense wat God deur Jesus Christus erken as dié Ereking en Hom met gewilligheid en vreugde wil dien. En daar waar die gelowiges vergader is en hulle ooreenkomstig God se Woord in sy diens op sy dag gedra, daar is ook sy ryksgebied — daar moet die satan vlug. So is die kerk as georganiseerde liggaam van Christus dan die sigbare koninkryk van God op aarde! Maar, vanselfsprekend gebrekkig — in beginsel, d.w.s. in Christus ons Hoof is dit volmaak, soos reeds met sy doop duidelik gestel deur die stem uit die hemel: „Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het” (Matt. 3 : 17). In Hom is die koninkryk van die hemele reeds volmaak op die aarde. Maar die teëstander, die duiwel, het nog seggenskap. Hy is oorwin, maar moet nog geheel verdryf word uit die ryksgebied van God — die wêreld — saam met almal wat aan hom behoort. Nie voor hy saam met „hulle in die poel van swael en vuur” gewerp is sal die koninkryk van God in die volle glorie daar wees nie. Daarom: die koninkryk is naby — maar die stryd dat dit moet kom is nog geweldig. Die stryd om die geloof te behou, om burger van die koninkryk van God te bly en nie in versoeking te swig nie; die stryd teen die anti-christelike magte wat die seggenskap oor die wêreld bly opeis, dié stryd word in ons tyd al hoe feller en daarom is die versugting na die koninkryk van God, soos uitgedruk in die boek Prediker en Openbaringe, onder die gelowiges vandag so fel.

3. *Die begrip uitbreiding van die koninkryk van God.* Uit bostaande is dit duidelik dat waar die koninkryk self 'n wedergeboorte van die wêreld en mens in die wêreld is, die nuwe mense op die nuwe aarde, dit alleen God in Christus is wat dit laat kom. Die boek Prediker hamer dit as 't ware in dat ons niks aan die vernuwing — aan die wedergeboorte van alles en almal kan doen

nie! Wat krom is kan nie reguit word nie, en wat ontbreek, kan nie getel word nie (Pred. 1 : 15). Ons kan die koninkryk van God nie uitbrei of laat kom nie. Dit is sy werk. En Hy doen dit deur Jesus Christus. Deur sy koms in Betlehem het die koninkryk naby gekom en as Hy kom op die wolke sodat elke oog Hom kan sien, het dit in volheid gekom. Intussen sit Hy aan die regterhand van die Vader en regeer die wêreld so dat die volheid van die tyd kom. Hy laat die geskiedenis afloop na die einde (Openb. 5 v.v.). Hy en Hy alleen — deur sy Heilige Gees — maak alles nuut! Dit laat Jesus van die begin af begryp bv. in Johannes 3. Dink ook maar vir 'n samevatting aan Openbaringe. Ons is nou reeds burgers — hoewel nog onderworpe aan vele swakhede en gebreke, maar tog in beginsel onherroeplik burgers — deur die wedergeboorte. En dit nie uit ons self of uit verganklike saad nie, maar deur die saad van die Heilige Gees, die Woord van God.

Van uitbrei is alleen in soverre sprake as wat die koninkryk nou reeds in die kerk gekom het en dat die ontbrekende burgers/esse nog byeengebring en by die kerk deur die eeue gevoeg moet word. Dan as almal wat verordineer is vergader is — tot geloof gekom het, dan kom die koninkryk.

4. *Jesus laat die koninkryk van God kom.* Daarom is Hy ook die Christus: deur God aangestel om dit te doen — of soos die Kategismus sê: verordineer en gesalf. Hy het die opdrag; is die Ampsdraer wat in gehoorsaamheid aan God die koninkryk moet laat kom.

En sy amp val uiteen in drie aspekte. In sy uitvoering van die opdrag is Hy:

1) Profeet: Hy maak bekend dat God die antikoning of teëstander, satan, uit sy wêreld verdryf en dat Hy sy volk weer aan Hom gehoorsaam maak en dat Hy alle dinge nuut sal maak. Jesus is ook in die sin die Woord wat vlees geword het. Hy maak God se vernuwingsgedagtes of gedagtes van vrede met die afvallige wêreld bekend. Hy is profeet wat die verborgene aan die lig bring. Verlede, hede en toekoms verklaar soos God dit alles in sy plan omvat.

2) Priester: Hy sê nie net dat God sy ryk laat kom nie, maar ook *hoe* Hy dit laat kom nl. deur Homself met die wêreld te versoen deur die dood van Jesus en dat elkeen wat in Hom glo die koninkryk sal ingaan. Hy offer Homself geheel in die diens van God as brandoffer — meer ook as soenoffer om vergifnis deur sy bloed te bewerk. Hy is die barmhartige Hoëpriester wat met sy eie bloed die heiligdom betree het om vir ons die nuwe en lewende weg te open: die weg om in te gaan in die koninkryk van God.

3) Koning: die wat Hy in sy barmhartigheid so as eiendom verkry het deur sy bloed, regeer Hy nou deur sy Woord en Gees. Hy sê nie alleen dat Hy ons kinders van God gemaak het, deurdat die Gees saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is nie; maar Hy dring ons ook deur dieselfde Heilige Gees dat ons ons as sy kinders moet gedra, ons is van adel! Koningskinders wat saam met die Vader deur die Seun regeer. Hy sê in sy Woord hoe ons

moet leef, ons lede tot beskikking van God moet stel en stel ons in staat, deur sy Heilige Gees, om dit te kan doen. Ons is „geskape in Jesus Christus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (Ef. 2 : 10).

Tegelyk beskerm Hy ons ook teen die vyand, die owerste (of antikoning) van die wêreld wat ons weer aan Christus se greep wil ontruk. Hy gee ons die krag in die stryd; Hy verydel die planne van satan en Hy laat ons triomfeer oor hom. Hy volbring in die beskerming sy krag in ons swakheid, sodat ons — sy dit ook al nog struikelende en met veel gebreke — reeds in die lewe as burgers van die Koning van die hemele duidelik kenbaar is! En daarom vreemdelinge en bywoners in die wêreld.

5. *Christus gebruik mense.* Christus is dié Ampsdraer met die opdrag om die koninkryk van God te laat kom. Maar Hy maak ook gebruik van mense. Van die begin af roep Hy die twaalf en leer hulle om te getuig van Hom. Voor sy hemelvaart gee Hy finaal die opdrag: „Gaan heen... Soos die Vader My gestuur het stuur Ek julle ook!” Hulle opdrag was om voort te gaan om die burgers van die koninkryk te vergader. As kerk rondom die Woord. As kerk versorg Christus sy burgers tot aan die voleinding.

Dit geld eerstens die apostels. Hulle moet Jesus Christus gaan verkondig. Hulle is aangestel; tot ampsdraers verhef om Jesus Christus in die wêreld gestalte te laat kry. Hulle taak was om Jesus Christus in sy drieërlei amp as Profeet, Priester en Koning aan die wêreld voor te hou as die Een wat die koninkryk van God naby gebring het en dit weldra in volheid sal laat kom.

As *profete* moes hulle ook verkondig: God maak alle dinge nuut en Hy doen dit deur Jesus Christus onder die kragtige werking van die Heilige Gees.

As *priesters* moes hulle hul bly toewy aan die diens van God, wandel soos Jesus gewandel het en die barmhartigheid aan die lig bring wat Hy aan ons wil betoon. En as konings is hulle geroep om oor satan en sy magte te triomfeer en oor alle dinge te regeer tot eer van God.

6. *Die ontstaan van die ampte.* Spoedig het dit egter geblyk (Hand. 6) dat die drie ampte van Christus verenig in een ampsdraer, die menslike vermoë oorskry. Een mens is nie by magte om al drie ampte tot volle reg te laat kom nie. Daarom het daar onder leiding van die Heilige Gees drie ampte ontstaan in die kerk om Jesus Christus as dié Ampsdraer in sy drieërlei taak uit te beeld: 1) die predikant wat belas is met die profetiese taak; 2) die ouderling met die koninklike en 3) die diaken met die priesterlike.

7. *Koördinerings van drie ampte.* Praat ons van koördinerings van die drie ampte met die oog op die uitbreiding van die koninkryk van God, is dit vanselfsprekend dat dit hier gaan om die een amp van Christus wat Hy laat bedien in soverre Hy mense gebruik, deur die drie ampte in die kerk. Die predikant, ouderling en diaken het gesamentlik en afsonderlik die opdrag om Christus as die Enigste Ampsdraer wat die koninkryk van God laat kom, gestalte te laat kry. Die predikant se hoofsaak is om as profeet agter dié

Profeet Jesus Christus te verdwyn, terwyl hy in die uitoefening van die profetiese amp moet leun op die ander twee ampte. So moet die diaken Christus laat sien as barmhartige Hoëpriester wat Homself as losprys gegee het om ons van die toorn van God te verlos na liggaam en siel. Maar Hy kan dit alleen doen in die versameling en uitdeel van gawes, die versorging van weduwees en wese, die besoek van gevangenis om Christus wil ens., as die profetiese amp die verborge raad van God se verlossing in Christus duidelik aan die lig bring en die koninklike amp deur die toesig en tug aan die koninkryk van die hemele sy „voorlopige” gestalte op aarde gee in die goeie regering van die kerk. Sonder die getroue uitoefening van die profetiese en koninklike ampte sal die priesterlike amp soos deur die diaken beoefen gou ontaard in gewone menslike welsynswerk, waarin die medemenslikheid verheerlik word en Christus geen plek kry nie.

Omdat die drie ampte gewortel is in die een amp van Christus, kan dit nie anders as dat daar koördinasie moet wees nie. Dit is drie onderskeie ampte, maar nie drie geskeie ampte nie. Al drie ampte is diensbaar aan Christus wat as die ampsdraer sy koninkryk laat kom; deur hulle diens werk die Heilige Gees sodat die burgers van die koninkryk byeen sal kom — dat hierdie getal vol sal word deur wedergeboorte, geloof, heiligmaking en volharding! Dan as die getal vol is kom Hy weer met die wolke en maak alle dinge nuut.